

- (i) "animal" shall mean any animal belonging to any one of the following types of animals, namely, horses, donkeys, mules, cattle, sheep, goats or pigs;
- (ii) "Council" shall mean the Council of the Municipality of Keetmanshoop;
- (iii) "municipal area" shall mean the municipal area of Keetmanshoop;
- (iv) "owner" shall also mean, in relation to an animal, any person in possession of or charged with the care, custody or control of that animal; and
- (v) "property" shall mean any erf or premises situated in the municipal area of Keetmanshoop.

2. The Council shall at such place or places within the municipal area which it deems suitable, provide and maintain a pound which is strong, secure and large enough to contain and safely keep the impounded animals and which has such kraals and enclosures as may be necessary for the isolation of any animal which must be kept in isolation in terms of these regulations.

3. For each pound provided the Council shall appoint a poundmaster who shall be responsible for the management of such pound in accordance with and subject to the provisions of these regulations.

4. (1) Any member of the South West African Police or employee of the Council who finds any animal trespassing on any property or which is at large, shall take or cause such animal to be taken to the pound, and any owner or occupier of property who finds any animal trespassing on his property, may take or cause such animal to be taken to the pound.

- (2) (a) The Council may, notwithstanding any provisions to the contrary in these regulations, at any time by resolution determine that no person shall be entitled to impound any animal which has trespassed on his property if such property is not adequately fenced: Provided that such resolution shall only come into effect after the Council has

- (i) "dier" enige dier wat behoort aan enigen van die volgende diersoorte, te wete perde, donkies, muile, beeste, skape, bokke of varke;
- (ii) "eienaar" met betrekking tot 'n dier, ook iemand wat in besit is van of belas is met die sorg, bewaring of beheer van daardie dier;
- (iii) "eiendom" enige erf of perseel geleë binne die munisipale gebied van Keetmanshoop;
- (iv) "munisipale gebied" die munisipale gebied van Keetmanshoop; en
- (v) "Raad" die Raad van Keetmanshoop Munisipaliteit.

2. Die Raad moet binne die munisipale gebied op sodanige plek of plekke wat hy geskik ag, 'n skut verskaf en in stand hou wat sterk, veilig en groot genoeg is om die geskutte diere te bevat en veilig te hou, en wat sodanige krale en kampe het as wat nodig mag wees vir die afsondering van enige dier wat ingevolge hierdie regulasies in afsondering aangehou moet word.

3. Vir elke skut wat verskaf word stel die Raad 'n skutmeester aan wat verantwoordelik is vir die bestuur van sodanige skut ooreenkomstig en onderworpe aan die bepalings van hierdie regulasies.

4. (1) Enige lid van die Suidwes-Afrikaanse Polisie of werknemer van die Raad, wat enige dier aantref wat op enige eiendom oortree of op vrye voet is, moet daardie dier na die skut neem of laat neem en enige eienaar of bewoner van eiendom wat enige dier aantref wat op sy eiendom oortree, kan daardie dier na die skut neem of laat neem.

- (2) (a) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie regulasies, kan die Raad te eniger tyd by besluit bepaal dat niemand geregtig sal wees om enige dier te skut wat op sy eiendom oortree indien sodanige eiendom nie voldoende omhein is nie: Met dien verstande dat sodanige besluit eers in werking tree nadat die Raad dit by kennisgewing

published it once by notice in the *Official Gazette* and once a week for 4 consecutive weeks in a newspaper circulating in the municipal area, and the date on which the Council's resolution is to come into effect is also mentioned in such notice.

- (b) Any property which is not enclosed with a fence of at least 1,25 metre high and, if enclosed with a wire fence which does not consist of at least 5 horizontal strands with gates that can be closed properly, shall not, for the purposes of paragraph (a), be deemed to be adequately fenced.

5. (1) Any person who has caught an animal with the intention to have it impounded shall deliver such animal to the pound within 24 hours after it was caught.

(2) No person shall intentionally detain any trespassing animal which has been caught on his or any other property, except for the purpose referred to in subregulation (1).

(3) Any person who contravenes the provisions of subregulation (2) or uses, abuses, ill-treats or overdrives any animal detained by him or allows any person to do so, shall be guilty of an offence.

6. Any person who by threat of violence or otherwise frees or attempts to free any animal from the person or persons who are in control thereof whilst it is being taken to the pound in accordance with these regulations or frees or attempts to free any animal after it has been impounded in accordance with these regulations by the poundmaster, shall be guilty of an offence.

7. Any person who causes any animal to be impounded contrary to the provisions of these regulations shall be guilty of an offence and shall, in addition to the penalties prescribed in regulation 40, be liable for all damages and shall compensate the owner of such animal for any loss and costs occasioned by such impoundage.

8. (1) The poundmaster shall, subject to such resolution as the Council may pass in terms of regulation 4(2)(a), and subject to subregulation

eenmaal in die *Offisiële Koerant* en eenmaal per week vir 4 agtereenvolgende weke in 'n nuusblad wat in die munisipale gebied in omloop is, afgekondig het en die datum van inwerkingtreding van die Raad se besluit ook in sodanige kennisgewing vermeld word.

- (b) Vir die doeleindes van paragraaf (a) word enige eiendom wat nie met 'n omheining van minstens 1,25 meter hoog omhein en, indien dit met draad omhein is, uit minstens 5 horisontale drade bestaan en met hekke wat behoorlik kan toemaak voorsien is nie, geag nie voldoende omhein te wees nie.

5. (1) Iemand wat 'n dier gevang het met die doel om dit te skut, moet daardie dier binne 24 uur nadat dit gevang is by die skut aflewer.

(2) Buiten vir die doel in subregulasie (1) bedoel mag geen persoon enige oortredende dier wat op sy of enige ander eiendom gevang is, opsetlik aanhou nie.

(3) Iemand wat die bepalings van subregulasie (2) oortree, of 'n dier wat deur hom aangehou word, gebruik, misbruik, mishandel of oordrywe, of iemand toelaat om dit te doen, is aan 'n misdryf skuldig.

6. Iemand wat deur bedreiging met geweld of andersins 'n dier van die persoon of persone, wat beheer daarvoor het terwyl dit ingevolge hierdie regulasies na die skut geneem word, of wat enige dier nadat dit ingevolge hierdie regulasies deur die skutmeester geskut is, bevry of poog om te bevry, is aan 'n misdryf skuldig.

7. Iemand wat in stryd met hierdie regulasies 'n dier laat skut, is skuldig aan 'n misdryf en is bykomend tot die strawwe voorgeskryf in regulasie 40, aanspreeklik vir alle skade en moet aan die eienaar van die dier enige verlies en koste wat deur sodanige skutting veroorsaak word, vergoed.

8. (1) Behoudens sodanige besluit as wat die Raad ingevolge regulasie 4(2)(a) mag neem, en behoudens subregulasie (2), moet die skutmeester

(2), receive all animals delivered at the pound during the hours of business thereof and detain them until they are released or sold in accordance with these regulations.

(2) (a) If the poundmaster is of the opinion that an animal, when it is impounded, is so diseased or injured or is in such poor physical condition that it is unlikely that such animal, if it were sold, would realise enough money to cover its pound fees as well as the expenses in respect of the sale thereof, he shall summon the officer in command of the local police station or two adult persons whom he considers to be reliable and of sound judgement, to examine that animal.

(b) If such officer or persons certify that the condition of said animal is as described in paragraph (a) the poundmaster may if it is not released within 3 days after its impoundage, destroy that animal in a humane as possible way.

9. The daily hours of business of each pound shall be from 07h00 till 15h30, Saturdays, Sundays and Public Holidays excluded.

10. (1) The poundmaster shall keep a pound book in which he shall record the following particulars in respect of every animal impounded –

- (a) the type of animal and its estimated age;
- (b) the distinguishing colours and marks it bears;
- (c) the name and address of the person by whom it was impounded;
- (d) the address or description of the property on which the animal trespassed or was;
- (e) the name and address, if known, of the owner or suspected owner of the animal;

alle diere wat gedurende die besigheidsure daarvan by die skut gelewer word, in ontvangs neem en hulle in bewaring aanhou totdat hulle ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies gelos of verkoop word.

(2) (a) Indien die skutmeester van oordeel is dat 'n dier wanneer dit geskut word so siek of beseer is of in so 'n swak liggaamlike toestand verkeer dat dit onwaarskynlik is dat sodanige dier, indien dit verkoop sou word, voldoende sou oplewer om sy skutgelde en uitgawes ten opsigte van die verkoping daarvan te dek, moet hy die beamppte in bevel van die plaaslike polisiekantoor, of twee volwasse persone wat hy as betroubaar en van gesonde oordeel beskou, ontbied om daardie dier te ondersoek.

(b) Indien sodanige beamppte of persone sertifiseer dat die toestand van genoemde dier sodanig is soos in paragraaf (a) beskryf, kan die skutmeester daardie dier, indien dit nie binne 3 dae nadat dit geskut is, gelos word nie, van kant maak op so 'n wyse wat die minimum lyding tot gevolg sal hê.

9. Die besigheidsure van elke skut is daaglik, Saterdag, Sondag en Openbare Vakansiedae uitgesluit, vanaf 07h00 tot 15h30.

10. (1) Die skutmeester moet 'n skutboek aanhou waarin hy ten opsigte van elke dier wat in die skut opgeneem word, die volgende besonderhede aanteken –

- (a) die soort dier en sy geskatte ouderdom;
- (b) die onderskeidingskleure en -merke daarvan;
- (c) die naam en adres van die persoon deur wie dit geskut is;
- (d) die adres of beskrywing van die eiendom waarop die dier oortree het of was;
- (e) die naam en adres, indien bekend, van die eienaar of vermeende eienaar van die dier;

- (f) if the animal was sold, the name and address of the purchaser and the sum realised by such sale;
- (g) the dates on which the animal was impounded and released or sold, respectively;
- (h) all fees and expenses accumulated in respect of the animal in terms of these regulations; and
- (i) all claims for damages filed with him and if paid, the date and amount of such payment.
- (2) The poundmaster or, in his absence, the person in charge of the pound, shall issue to the person delivering an animal for impoundage, a certificate in the form contained in Schedule A.
11. (1) (a) The poundmaster shall pay to the person, who delivers or causes to deliver an animal to the pound, the driving fees prescribed in Schedule B: Provided that if such person is a member of the South West African Police or an employee of the Council the fees are payable to the Council.
- (b) No driving fees shall be payable for the return journey of the person or persons who have driven the animals to the pound.
- (c) No additional driving fees shall be payable where the animals have been driven to the pound by more than one person.
- (d) The poundmaster shall obtain a receipt from the person to whom he has paid driving fees.
- (2) (a) The driving fees that have been paid by the poundmaster in terms of subregulation (1), together with such other moneys as may be due under these regulations, shall be recoverable from the owner of the animal or animals concerned.
- (b) If animals belonging to different owners have been driven to the pound in one group, a pro rata portion of the driving fees shall be payable by each owner.
- (f) indien die dier verkoop is, die naam en adres van die koper daarvan en die bedrag wat met sodanige verkoping verkry is;
- (g) die datums waarop die dier, onderskeidelik, geskut en gelos of verkoop is;
- (h) alle gelde en uitgawes wat met betrekking tot die dier ingevolge hierdie regulasies opgeloop het of aangegaan is; en
- (i) alle eise om skadevergoeding wat by hom ingedien is en indien dit betaal is, die datum en bedrag van sodanige betaling.
- (2) Die skutmeester of, in sy afwesigheid, die persoon in beheer van die skut, moet aan die persoon, wat 'n dier vir skut aflewer, 'n sertifikaat uitreik in die vorm in Bylae A vervat.
11. (1) (a) Die skutmeester betaal aan die persoon wat 'n dier na die skut neem of laat neem die dryfgelde wat in Bylae B voorgeskryf is: Met dien verstande dat waar sodanige persoon 'n lid van die Suidwes-Afrikaanse Polisie of 'n werknemer van die Raad is, die gelde aan die Raad betaalbaar is.
- (b) Geen dryfgelde word betaal vir die terugreis van die persoon of persone wat die diere na die skut aangedryf het nie.
- (c) Geen addisionele dryfgelde is betaalbaar indien die diere deur meer as een persoon na die skut geneem is nie.
- (d) Die skutmeester moet 'n kwitansie kry van die persoon aan wie dryfgelde betaal is.
- (2) (a) Die dryfgelde, wat ingevolge subregulasie (1) deur die skutmeester uitbetaal is, tesame met sodanige ander bedrae wat kragtens hierdie regulasies verskuldig mag wees, is invorderbaar van die eienaar van die betrokke dier of diere.
- (b) Indien diere wat aan verskillende eienaars behoort, in een groep na die skut geneem is, moet elke eienaar 'n pro rata gedeelte van die dryfgelde betaal.

(3) (a) If at any time, while an animal is being driven to the pound, the owner of such animal or any person on his behalf, tenders to pay to the person driving that animal the amounts payable in respect of driving fees and damages, if any, such owner shall against payment of the amounts concerned be entitled to the immediate release of the animal.

(b) Any person who refuses to release an animal under the circumstances referred to in paragraph (a) shall be guilty of an offence.

12. (1) If the name and address of the owner of an impounded animal is known to him, the poundmaster shall immediately by letter, delivered personally or sent by registered post, give notice to such owner of the fact that his animal has been impounded, and he shall also in such letter state the amount which, as at the date of the notice, is payable for the release of such animal, as well as the further fees that will thereafter be levied daily in respect of the animal.

(2) Whenever a stallion or bull is impounded, the poundmaster shall immediately, unless the name and address of the owner is known to him, cause an advertisement, setting forth the following information, to be published in a newspaper circulating in the municipal area –

- (a) a short description of the animal;
- (b) the estimated value of the animal;
- (c) the date on which the animal was impounded;
- (d) the name and address of the person by whom it was impounded; and
- (e) that the animal will be sold if it is not redeemed by its owner within 30 days from the date of publication of the advertisement.

(3) The costs incurred in respect of the publication of an advertisement in terms of subregula-

(3) (a) Indien die eienaar van 'n dier, of enige persoon namens hom, te enige tyd terwyl 'n dier na die skut aangedryf word aan die persoon wat die dier aandryf die bedrae ten opsigte van dryfgelde en skade indien enige, aanbied, is hy teen betaling van daardie bedrae geregtig op die onmiddellike loslating van die dier.

(b) Enige persoon wat weier om 'n dier los te laat in die omstandighede genoem in paragraaf (a), is aan 'n misdryf skuldig.

12. (1) Indien die naam en adres van die eienaar van 'n geskutte dier aan hom bekend is, moet die skutmeester onmiddellik per brief, persoonlik oorhandig of per aangetekende pos gestuur, aan sodanige eienaar kennis gee van die feit dat sy dier geskut is en hy moet ook in sodanige brief die bedrag meld wat, soos op datum van die kennisgewing betaalbaar is vir die loslating van daardie dier asook wat die verdere gelde is wat daagliks daarna ten opsigte van die dier hef sal word.

(2) Wanneer 'n hings of bul geskut word, moet die skutmeester, tensy die naam en adres van die eienaar daarvan aan hom bekend is, onmiddellik 'n advertensie in 'n nuusblad wat in die munisipale gebied in omloop is, laat publiseer, welke advertensie die volgende inligting moet verstrek –

- (a) 'n kort beskrywing van die dier;
- (b) die geskatte waarde van die dier;
- (c) die datum waarop die dier geskut is;
- (d) die naam en adres van die persoon deur wie die dier geskut is; en
- (e) dat die dier verkoop sal word indien dit nie binne 30 dae vanaf die datum van publikasie van die advertensie deur die eienaar daarvan gelos word nie.

(3) Die koste aangegaan vir die publikasie van 'n advertensie ingevolge subregulasie (2) is van

tion (2) shall be recoverable from the owner of the animal concerned or, if it is sold, from the proceeds thereof.

13. (1) The owner or occupier on whose property an animal has trespassed, shall be entitled to claim compensation in accordance with the provisions of these regulations for any damage to the property concerned caused by such animal.

(2) The Council shall be entitled to claim compensation in accordance with the provisions of these regulations for any damage to the property of the Council by an animal while detained in the pound.

(3) The owner of any animal which has caused the damage referred to in subregulation (1) or (2), shall, subject to the provisions of these regulations, be liable to compensate the owner or occupier of the property concerned, or the Council, as the case may be, for such damages: Provided that if the owner of the animal concerned is unknown, or cannot be traced, such damages shall be paid from the nett proceeds in accordance with regulation 28(1)(b) if the animal is sold.

14. (1) The owner or occupier of property who wishes to claim damages as contemplated in regulation 13(1) shall, when delivering the animal or animals to the pound, hand to the poundmaster a notice wherein he declares his intention to lodge a claim.

(2) The poundmaster shall under no circumstances, after the receipt of a notice in terms of subregulation (1), release the animal or animals to which such notice relates, before the expiry of a period of 24 hours after the animal or animals were impounded: Provided that if the written memorandum referred to in subregulation (1) of regulation 15 has been delivered to him in terms of subregulation (3) of that regulation, he shall not thereafter release the animal or animals concerned, except in accordance with the provisions of regulation 19 or 20.

15. (1) The owner or occupier of property who wishes to claim damages as contemplated in regulation 13(1), or his representative, shall, in co-

die eienaar van die betrokke dier verhaalbaar of, indien dit verkoop word, uit die opbrengs daarvan.

13. (1) Die eienaar of bewoner van die eiendom waarop 'n dier oortree het, is geregtig om ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies vergoeding te eis vir enige skade wat deur sodanige dier aan die betrokke eiendom veroorsaak is.

(2) Die Raad is geregtig om ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies vergoeding te eis vir enige skade wat deur 'n dier tydens sy aanhouding in die skut aan die eiendom van die Raad veroorsaak is.

(3) Behoudens die bepalings van hierdie regulasies, is die eienaar van enige dier wat skade in subregulasie (1) of (2) bedoel, veroorsaak het, aanspreeklik om die eienaar of bewoner van die betrokke eiendom, of die Raad, na gelang van die geval, vir sodanige skade te vergoed: Met dien verstande dat indien die eienaar van daardie dier onbekend is, of nie opgespoor kan word nie, sodanige skade uit die obrengs ooreenkomstig regulasie 28(1)(b) betaal moet word indien die dier verkoop word.

14. (1) Die eienaar of bewoner van eiendom wat skadevergoeding soos in regulasie 13(1) bedoel, wil eis, moet, wanneer hy die dier of diere by die skut aflewer, aan die skutmeester 'n kennisgewing oorhandig waarin hy verklaar dat hy van voorneme is om 'n eis in te stel.

(2) Na die ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subregulasie (1) mag die skutmeester onder geen omstandighede die dier of diere waarop daardie kennisgewing betrekking het voor die verstryking van 'n tydperk van 24 uur vanaf die tyd waarop die dier of diere geskut is, loslaat nie: Met dien verstande dat indien die skriftelike memorandum in subregulasie (1) van regulasie 15 bedoel, ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (3) van daardie regulasie by hom ingedien word, hy nie die betrokke dier of diere daarna mag loslaat behalwe ooreenkomstig die bepalings van regulasie 19 of 20 nie.

15. (1) Die eienaar of bewoner van eiendom wat skadevergoeding soos in regulasie 13(1) bedoel, wil eis, of sy verteenwoordiger, moet in

operation with two persons with no interest in the matter, inspect the property concerned and prepare a written memorandum wherein –

- (a) the nature and extent of the damage which has allegedly been caused by the animal or animals; and
- (b) the amount assessed by them as compensation for the damage,

shall be fully set out.

- (2) (a) If the owner of the animal is known to him, the owner or occupier of the property shall give prior notice of the time and place of such inspection to such owner and afford him the opportunity to be present.

- (b) If at such inspection the owner of the animal admits liability for the damage, while he –

- (i) accepts the amount assessed in terms of subregulation (1) as correct; or

- (ii) reaches an agreement with the owner or occupier of the property with regard to the amount thereof and pays it; or

- (iii) arranges for the payment thereof with the owner or occupier of the property, those facts, with full particulars, shall also be recorded in the written memorandum, and signed by both parties.

- (c) If the damages is paid directly to the owner or occupier of the property in terms of paragraph (b), he shall issue a receipt in respect of such payment to the owner of the animal.

(3) The owner or occupier of the property shall, within 24 hours after the animal concerned was impounded, deliver the written memorandum prepared in accordance with subregulation (1) to the poundmaster: Provided that if such written memorandum is delivered to the pound-

samerwerking met twee nie-belanghebbende persone 'n ondersoek van die betrokke eiendom hou en 'n skriftelike memorandum opstel waarin –

- (a) Die aard en omvang van die skade wat na bewering deur die dier of diere veroorsaak is; en
- (b) die bedrag deur hulle beraam as billike vergoeding vir daardie skade,

ten volle uiteengesit word.

- (2) (a) Indien die eienaar van die dier aan hom bekend is, moet die eienaar of bewoner van die betrokke eiendom, aan bedoelde eienaar vooraf kennis gee van die tyd en plek van sodanige ondersoek en aan hom die geleentheid bied om teenwoordig te wees.

- (b) Indien by sodanige ondersoek die eienaar van die dier aanspreeklikheid vir die skade aanvaar, terwyl hy –

- (i) die bedrag beraam ooreenkomstig subregulasie (1) as korrek aanvaar; of

- (ii) met die eienaar of bewoner van die eiendom ooreenkom op die bedrag daarvan, en die bedrag aan die eienaar of bewoner betaal; of

- (iii) reël vir die betaling daarvan met die eienaar of bewoner van die eiendom, moet daardie feite met volle besonderhede daarvan, ook in die skriftelike memorandum aangeteken en deur beide partye onderteken word.

- (c) Indien die bedrag van die skadevergoeding ooreenkomstig paragraaf (b) direk aan die bewoner of eienaar van die eiendom betaal word, reik hy 'n kwitansie ten opsigte daarvan aan die eienaar van die dier uit.

(3) Die eienaar of bewoner van die eiendom moet die skriftelike memorandum wat ooreenkomstig subregulasie (1) opgestel is, binne 24 uur nadat die betrokke dier geskut is, by die skutmeester inhandig: Met dien verstande dat indien sodanige skriftelike memorandum na ver-

master after expiry of the aforesaid period of 24 hours and the animal has not yet been released, the poundmaster shall be obliged to accept it.

(4) If the owner of the animal has not attended the inspection referred to in subregulation (1) and if his name and address is known to him, the poundmaster shall immediately upon receipt of the written memorandum, by letter, delivered to him personally or sent by registered post, give notice to the owner of the animal of the findings of the persons who held the inspection and give full particulars of the damages as determined by them.

16. The Council shall, if it wishes to claim damages as contemplated in regulation 13(2), first cause an inspection of the damaged property to be held by the poundmaster or any other authorised employee of the Council and two persons with no interest in the matter and the provisions of regulation 15 is applicable *mutatis mutandis*.

17. (1) The owner or occupier of the property, or the Council, as the case may be, shall pay each of the persons assisting with the inspection and preparation of the written memorandum in terms of regulation 15 or 16, except the poundmaster or an employee of the Council, a fee of not less than R10,00 for their services.

(2) The amount paid in terms of subregulation (1) may be recovered as part of the damages in terms of these regulations.

18. Where a claim for damages by the owner or occupier of property is disputed by the owner of the animal in that such owner denies liability for any damages or admits liability but disputes the amount claimed, the poundmaster shall immediately by letter, delivered personally or sent by registered post, give notice to the owner or occupier of the property concerned of the fact that the owner of the animal is denying liability or is disputing the amount claimed, as the case may be.

stryking van die voormelde tydperk van 24 uur by die skutmeester ingehandig word en die betrokke dier nog nie losgelaat is nie, die skutmeester verplig is om dit te aanvaar.

(4) Indien die eienaar van die dier nie die ondersoek in subregulasie (1) bedoel, bygewoon het nie en indien sy adres aan hom bekend is, moet die skutmeester onmiddellik na die ontvangs van die skriftelike memorandum, per brief, aan hom persoonlik oorhandig of per aangetekende pos gestuur, aan die eienaar van die dier kennis gee van die bevindinge van die persone wat sodanige ondersoek gehou het en volle besonderhede van die skadevergoeding wat deur hulle vasgestel is, verstrekk.

16. Waar die Raad skadevergoeding wil eis soos in regulasie 13(2) bedoel, moet die Raad eers 'n ondersoek van die beskadigde eiendom laat hou deur die skutmeester of enige ander gemagtigde werknemer van die Raad en twee niebelanghebbende persone en die bepalinge van regulasie 15 is *mutatis mutandis* van toepassing.

17. (1) Die eienaar of bewoner van die eiendom, of die Raad, na gelang van die geval, moet aan die persone wat behulpsaam is met die ondersoek en opstel van die skriftelike memorandum ingevolge regulasie 15 of 16, behalwe die skutmeester of 'n werknemer van die Raad, elk 'n fooi van minstens R10,00 betaal vir hul dienste.

(2) Die bedrag wat kragtens subregulasie (1) betaal is, kan as deel van die skadevergoeding ingevolge hierdie regulasies verhaal word.

18. Waar 'n eis om skadevergoeding deur 'n eienaar of bewoner van eiendom deur die eienaar van die dier betwis word, deurdat sodanige eienaar aanspreeklikheid vir enige skade ontken, of aanspreeklikheid erken, maar die bedrag betwis wat as skadevergoeding geëis word, gee die skutmeester onmiddellik per brief, persoonlik oorhandig of per aangetekende pos gestuur, aan die eienaar of bewoner van die eiendom kennis van die feit dat die eienaar van die dier aanspreeklikheid ontken of die bedrag van die eis betwis, na gelang van die geval.

19. The poundmaster shall not, subject to the provisions of any act and regulation 20, release any animal unless –

- (a) all fees due in terms of Schedule B and all other expenses which, in terms of these regulations, accrued in respect of such animal; and
- (b) the amount in respect of damages, if any,

have been paid, or it is proved to the satisfaction of the poundmaster that the amount in respect of damages has been paid directly to the owner or occupier of the property, or that an acceptable arrangement for the payments thereof has been made.

20. If a claim for damages, whether instituted by the owner or occupier of property, or the Council, is disputed by the owner of the animal concerned, the poundmaster shall, notwithstanding the provisions of regulation 19, but on condition the fees and expenses referred to in paragraph (a) of that regulation have been paid in full, release that animal if, pending settlement of such dispute, the owner thereof gives security to the satisfaction of the poundmaster for the payment of the amount claimed: Provided that if the poundmaster is of the opinion that the value of the animal to which such claim relates is less than the amount of the claim, he may fix the amount of surety which is in his opinion equal to the value of the animal concerned.

21. The poundmaster may, before he releases any animal, require that the person claiming such release prove by affidavit or otherwise to the satisfaction of the poundmaster, that he is the owner of the animal or has been authorised by the owner to claim its release.

22. All stallions and bulls that are not released within 30 days from the date of publication of the advertisement in terms of regulation 12(2), and all other animals not released within 7 days from the date of impoundage, shall be sold in accordance with the provisions of regulation 23 or 24 as the case may be.

19. Behoudens die bepalings van enige wet en regulasie 20, laat die skutmeester geen geskutte dier los nie, tensy –

- (a) alle gelde wat ooreenkomstig Bylae B verskuldig is en alle ander uitgawes wat kragtens hierdie regulasies ten opsigte van die dier opgehoop het; en
- (b) die bedrag ten opsigte van skadevergoeding, indien enige,

ten volle aan die skutmeester betaal is, of dit tot bevrediging van die skutmeester bewys word dat die bedrag ten opsigte van skadevergoeding direk aan die eienaar of bewoner van die eiendom betaal is, of dat 'n aanvaarbare reëling vir die betaling daarvan aangegaan is.

20. Indien 'n eis om skadevergoeding, hetsy ingestel deur die eienaar of bewoner van 'n eiendom, of deur die Raad, deur die eienaar van die betrokke dier betwis word, moet die skutmeester, niteenstaande die bepalings van regulasie 19, maar mits die gelde en uitgawes genoem in paragraaf (a) van daardie regulasie ten volle betaal is, daardie dier loslaat indien die eienaar daarvan in afwagting van beslegting van daardie geskil tot bevrediging van die skutmeester sekerheid stel vir die betaling van die bedrag wat as skadevergoeding geëis word: Met dien verstande dat indien na oordeel van die skutmeester die waarde van die dier waarop sodanige eis betrekking het, minder is as die bedrag wat as skadevergoeding geëis word, hy die bedrag van die sekerheid kan vasstel op 'n bedrag wat volgens sy uitsluitlike oordeel gelykstaande is aan die waarde van die betrokke dier.

21. Die skutmeester kan, voordat hy enige dier loslaat, vereis dat die persoon wat daardie dier opeis, deur middel van 'n beëdigde verklaring, of op enige ander wyse wat die skutmeester voldoende ag, bewys lewer dat hy die eienaar van die dier is of deur die eienaar daarvan gemagtig is om die vrylating van die dier op te eis.

22. Alle hingste en bulle wat nie binne 30 dae vanaf die datum van publikasie van die advertensie ingevolge regulasie 12(2), en alle ander diere wat nie binne 7 dae vanaf die datum waarop hulle geskut is, gelos word nie, moet verkoop word ooreenkomstig die voorskrifte van regulasie 23 of 24, na gelang van die geval.

23. (1) In the case of horses and cattle the poundmaster shall, after expiry of the relevant period referred to in regulation 22, by notice published once in the *Official Gazette* and once per week for 2 consecutive weeks in newspapers circulating in the municipal area, advertise that the animal concerned is to be sold by public auction.

(2) The notice referred to in subregulation (1), shall set forth the following information –

- (a) the place where, and the date and time when, the sale will be held;
- (b) a description of the animal to be sold; and
- (c) the date on which the animal was impounded and the name and address of the person by whom it was impounded.

(3) The poundmaster shall, not later than the date on which the notice referred to in subregulation (1) is published for the first time, whether in the *Official Gazette* or a newspaper, cause a copy of such notice to be affixed in a conspicuous place at the pound and the offices of the Council.

(4) The date of the sale shall not be less than 21 days after the date upon which the animal was impounded and not less than 7 days after the publication of the notice in the *Official Gazette* and the second publication in the newspaper in terms of subregulation (1).

24. (1) All donkeys, mules, sheep, goats and pigs may, after the expiry of the period of 7 days referred to in regulation 22, and provided the provisions of subregulation (2) have been complied with, be sold at the first morning market or by public auction held at a public place which is centrally situated in the municipal area.

(2) The poundmaster shall advertise such sale by affixing, not later than 4 days before the date of the sale a notice of sale containing all such information as required by regulation 23(2), on the notice board at the offices of the Council and at or as near as possible to the place where the sale is actually taking place.

23. (1) In die geval van perde en beeste moet die skutmeester na verstryking van die toepaslike tydperk in regulasie 22 bedoel, by kennisgewing gepubliseer eenmaal in die *Offisiële Koerant* en eenmaal per week vir 2 agtereenvolgende weke in 'n nuusblad wat in die munisipale gebied in omloop is, adverteer dat die betrokke dier per openbare veiling verkoop gaan word.

(2) Die kennisgewing in subregulasie (1) bedoel, moet die volgende inligting verstrek –

- (a) die plek waar, en die datum en tyd wanneer, die verkoping gehou sal word;
- (b) 'n beskrywing van die dier wat verkoop sal word; en
- (c) die datum waarop die dier geskut is en die naam en adres van die persoon deur wie dit geskut is.

(3) Die skutmeester moet, nie later nie as die datum waarop die kennisgewing in subregulasie (1) bedoel, vir die eerste maal gepubliseer word, hetsy in die *Offisiële Koerant* of in 'n nuusblad, 'n afskrif van daardie kennisgewing op 'n ooglopende plek by die skut en by die kantoor van die Raad aanbring.

(4) Die dag wat vir die openbare veiling bepaal word, mag nie minder as 21 dae na die datum waarop die dier geskut is en nie minder as 7 dae na die publikasie van die kennisgewing in die *Offisiële Koerant* en die tweede publikasie in die nuusblad ooreenkomstig subregulasie (1) wees nie.

24. (1) Alle donkies, muile, skape, bokke en varke kan na verstryking van die tydperk van 7 dae in regulasie 22 bedoel en mits die bepalings van subregulasie (2) nagekom is, op die eersvolgende oggendmark of per openbare veiling gehou op 'n openbare plek wat sentraal binne die munisipale gebied geleë is, verkoop word.

(2) Die skutmeester moet die verkoping in subregulasie (1) bedoel, adverteer deur minstens 4 dae voor die datum van die verkoping 'n kennisgewing van verkoping, bevattende al sodanige inligting soos vereis deur regulasie 23(2), aan te bring op die kennisgewingbord by die munisipale kantoor en by die plek, of so na moontlik daaraan, waar die verkoping gaan plaasvind.

(3) The poundmaster may, notwithstanding the provisions of regulation (1), sell any donkey, mule, sheep, goat or pig on a public auction held in terms of regulation 23, on condition it has been advertised as such in the notice of sale referred to in subregulation (2).

25. The poundmaster is obliged, notwithstanding the provisions of regulation 22, to release any animal at any time before it is sold in accordance with the provisions of regulation 23 or 24, if the owner thereof complies with the provisions of Regulation 19 or 20.

26. (1) The poundmaster or any other person designated by the Council for that purpose shall act as auctioneer at a sale taking place in terms of these regulations.

(2) At any sale in terms of these regulations all animals shall be sold individually, except that –

- (a) the offspring of any animal which is still dependent on that animal for its food, shall be sold together with that animal; or
- (b) sheep or goats may be sold together in lots of not more than 10.

(3) The poundmaster shall not, whether personally or through an agent, purchase any animal which is being sold in terms of these regulations.

27. The Council is entitled to a commission of 5% on the gross proceeds of every animal which is sold in terms of these regulations.

28. (1) The proceeds from the sale of any animal in terms of these regulations, shall be applied –

- (a) for the payment of all fees owed to the Council in accordance with Schedule B and all other expenses in respect of that animal recoverable by the Council in terms of these regulations; and
- (b) thereafter, in settlement of any claim for damages instituted in terms of these regulations and in respect of which no dispute is existing between the owner of the animal and the claimant concerned.

(3) Nieteenstaande die bepalings van subregulasie (1) kan die skutmeester, mits hy so in die kennisgewing van verkoping in subregulasie (2) bedoel, adverteer het, enige donkie, muil, skaap, bok of vark verkoop op 'n openbare veiling wat ingevolge regulasie 23 gehou word.

25. Nieteenstaande die bepalings van regulasie 22 is die skutmeester verplig om te eniger tyd voordat 'n dier ooreenkomstig regulasie 23 of 24 verkoop word, daardie dier los te laat indien die eienaar daarvan aan die bepalings van regulasie 19 of 20 voldoen.

26. (1) Die skutmeester of enige ander persoon wat vir daardie doel deur die Raad aangewys is, tree op as afslaer by 'n verkoping wat kragtens hierdie regulasies plaasvind.

(2) By enige verkoping ingevolge hierdie regulasie moet alle diere stuksgewys verkoop word, behalwe dat –

- (a) die aandeel van enige dier wat nog vir sy voedsel van daardie dier afhanklik is, saam met genoemde dier verkoop moet word; en
- (b) skape of bokke saam in hoeveelhede van nie meer as 10 nie verkoop mag word.

(3) Die skutmeester mag nie, hetsy persoonlik of deur middel van 'n tussenganger, enige dier wat kragtens hierdie regulasies verkoop word, koop nie.

27. Die Raad is geregtig op 'n kommissie van 5% van die bruto opbrengs van elke dier wat kragtens hierdie regulasies verkoop word.

28. (1) Die opbrengs uit die verkoop ingevolge hierdie regulasies, van enige dier word aangewend –

- (a) ter delging van alle gelde wat ooreenkomstig Bylae B hiervan aan die Raad verskuldig is en alle ander uitgawes wat die Raad kragtens hierdie regulasies ten opsigte van daardie dier kan verhaal; en
- (b) daarna ter voldoening van enige eis om skadevergoeding wat ingevolge hierdie regulasies ingestel is en ten opsigte waarvan daar geen dispuut meer tussen die eienaar van die dier en die eiser bestaan nie.

(2) If two or more competing claims are to be considered for settlement in terms of paragraph (b) of subregulation (1), any surplus that is available under the said paragraph, but is insufficient to settle all the claims concerned in full, shall be distributed pro rata amongst the claimants.

(3) Any surplus that remains after the settlements referred to in subregulation (2), shall be deposited in the Council's bank account.

29. (1) If the notice of sale referred to in regulation 23 relates to more than one animal, the expenses incurred in connection with the publication of such notice shall be recovered, subject to the provisions of subregulation (2), in equal parts from the proceeds of each animal sold.

(2) If any animal to which a notice of sale relates, is released in terms of these regulations at any time before it is sold, the poundmaster shall recover, from the person redeeming the animal, an equal part of such costs which would have been recoverable in respect of that animal had it been sold.

30. (1) If at any time within 6 months after the sale of an animal in terms of these regulations, any person lays claim to the surplus, which the Council has a right to in terms of subregulation (3) of regulation 28, or any part thereof, and the Council is satisfied that –

- (a) the animal sold did belong to that person; or
- (b) that person is on any other ground entitled to it; and
- (c) no claim for damages of which notice has been given to the poundmaster in terms of these regulations, is pending,

the Council shall pay such amount to the person concerned.

(2) The right to claim payment of the surplus, or any portion thereof, from the Council under subregulation (1), shall prescribe, subject to the

(2) Indien 2 of meer mededingende eise om skadevergoeding in aanmerking kom vir voldoening ingevolge paragraaf (b) van subregulasie (1) word enige oorskot wat kragtens genoemde paragraaf beskikbaar is, maar wat onvoldoende is om ten volle aan alle genoemde eise te voldoen, pro rata verdeel tussen die eisers.

(3) Enige oorskot na die betalings in subregulasie (2) bedoel, moet in die Raad se bankrekening gestort word.

29. (1) Indien die kennisgewing van verkoping in regulasie 23 bedoel, op meer as een dier betrekking het, word die uitgawes wat in verband met die publikasie van daardie kennisgewing aangegaan is, behoudens die bepalings van subregulasie (2), van die opbrengs van elke verkoopte dier in gelyke dele verhaal.

(2) Indien enige dier waarop 'n kennisgewing van verkoping betrekking het, te enige tyd voor dit verkoop is ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies gelos word, moet die skutmeester ook die gelyke deel van sodanige koste, wat ten opsigte van daardie dier verhaalbaar sou wees indien dit verkoop was, van die persoon wat dit opeis, vorder.

30. (1) Indien te enige tyd binne 6 maande na die verkoop van 'n dier ooreenkomstig hierdie regulasies, iemand die oorskot, of enige gedeelte daarvan, wat ingevolge subregulasie (3) van regulasie 28 in die Raad se rekening gestort is, opeis en die Raad oortuig is dat –

- (a) die verkoopte dier die eiendom van daardie persoon was; of
- (b) daardie persoon op enige ander grond geregtig is daarop; en
- (c) geen eis om skadevergoeding waarvan kragtens hierdie regulasies aan die skutmeester kennis gegee was, meer hangend is nie,

moet die Raad daardie bedrag aan sodanige persoon uitbetaal.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie regulasie, verjaar die reg om kragtens subregulasie (1) betaling van die oorskot, of enige

provisions of this regulation, after a period of 6 months from the date of the sale of the animal concerned: Provided that if the animal concerned, at the time of the sale thereof, has been the subject of a claim for damages in terms of these regulations and such claim was at that stage still disputed, such right shall prescribe after a period of 6 months from the date of the settlement of the claim or 3 years from the date of the sale of the animal, whichever is the earliest.

(3) The Council may refuse to pay out any money claimed in terms of this regulation, unless an agreement of settlement or a court order, is submitted as proof that the person who claims the money is entitled thereto.

(4) The surplus concerned becomes the property of the Council, upon prescription of the right to claim payment thereof in terms of this regulation.

31. Ownership in any animal sold in terms of these regulations shall pass on to the purchaser.

32. All horses, donkeys, mules and cattle sold in terms of these regulations shall be branded with the Councils' registered brand before delivery to the purchaser.

33. (1) The poundmaster shall take proper care of all impounded animals and ensure that they are at all times provided with sufficient grazing or fodder and water.

(2) The poundmaster shall not use, harness or ill-treat any impounded animal or allow any other person to use, harness or ill-treat such animal: Provided that the poundmaster is entitled to milk any cow or she-goat.

(3) If any animal dies during its detention in the pound the poundmaster shall immediately notify the town clerk thereof and record such fact in the pound book with a proper description of the animal concerned.

gedeelte daarvan, van die Raad te eis na 'n tydperk van 6 maande vanaf die datum waarop die dier verkoop is: Met dien verstande dat indien die betrokke dier, ten tye van die verkoop daarvan, die onderwerp was van 'n eis om skadevergoeding ingevolge hierdie regulasies en sodanige eis op daardie tydstip steeds betwis was, genoemde reg verjaar na 'n tydperk van 6 maande vanaf die datum waarop die eis besleg is of 3 jaar vanaf die datum waarop die betrokke dier verkoop is, wat ookal die vroegste is.

(3) Die Raad kan weier om enige geld uit te betaal wat in terme van hierdie regulasie geëis word, tensy 'n skikkingsooreenkoms of 'n hofbevel voorgelê word ter bewys dat die persoon wat die bedrag eis geregtig is op die betaling daarvan.

(4) By die verjaring van die reg om betaling van die oorskot ingevolge hierdie regulasie te eis, word die betrokke oorskot die eiendom van die Raad.

31. Die eiendomsreg in 'n dier wat ingevolge hierdie regulasies verkoop word, gaan oor op die koper.

32. Alle perde, donkies, muile en beeste wat kragtens hierdie regulasies verkoop word, moet met die Raad se geregistreerde brandmerk gebrand word voordat dit aan die koper daarvan gelewer word.

33. (1) Die skutmeester moet alle geskutte diere behoorlik versorg en sorg dat hulle te alle tye van voldoende weiding of voer en water voorsien is.

(2) Die skutmeester mag geen geskutte dier gebruik, inspan of mishandel nie, of toelaat dat enige ander persoon sodanige dier gebruik, inspan of mishandel nie: Met dien verstande dat die skutmeester geregtig is om enige koei of bok-ooi te melk.

(3) Indien enige dier tydens sy aanhouding in die skut vrek moet die skutmeester onmiddellik die Raad daarvan in kennis stel en daardie feit in die skutboek aanteken met 'n behoorlike beskrywing van die betrokke dier.

(4) If the poundmaster fails to comply with any provision of this regulation he shall be guilty of an offence.

34. The poundmaster shall keep all stallions and bulls above the age of 2 years, and all he-goats and rams above the age of 6 months, in a separate camp or kraal, or keep them tied up or isolate them from the other animals in the pound in any other way.

35. (1) If any animal, when it is delivered to the pound, or any impounded animal, is visibly infected or becomes infected with a disease which is contagious or which is likely to be dangerous to human life or to other impounded animals, or if the poundmaster has reasonable grounds to believe that it is so infected, he shall immediately place that animal in a separate camp or kraal removed from the other impounded animals or in any other effective manner isolate such animal from the other animals in the pound.

(2) The poundmaster shall immediately after he has isolated an animal as required in subregulation (1), summon a veterinarian to examine that animal or if a veterinarian is not available, immediately notify the town clerk.

(3) The town clerk shall, when he receives the notice in terms of subregulation (2), immediately cause an investigation to be conducted into the condition of that animal, and he may give such instructions to the poundmaster as to its disposal as he may deem fit, including an instruction that the animal be destroyed.

(4) The poundmaster shall strictly carry out all instructions that are given to him by such veterinarian or the town clerk with regard to such animal.

36. All costs incurred by the Council in respect of the services of a veterinarian, or in connection with any treatment given to an impounded animal, shall be recoverable from the owner of that animal, or if it is sold under these regulations, from the proceeds.

(4) Indien die skutmeester versuim om enige bepaling van hierdie regulasie na te kom, is hy aan 'n misdryf skuldig.

34. Die skutmeester moet alle hingste en bulle bo die ouderdom van 2 jaar, en alle bok- en skaapramme bo die ouderdom van 6 maande, in 'n afsonderlike kamp of kraal in die skut aanhou, of sodanige dier vasmaak, of op enige ander wyse van die ander diere in die skut afsonder.

35. (1) Indien enige dier, wanneer dit in die skut opgeneem word, of enige geskutte dier, sigbaar besmet is of besmet raak met 'n siekte wat aansteeklik is of waarskynlik gevaarlik vir menselewe of vir ander geskutte diere kan wees, of indien die skutmeester redelike gronde het om te vermoed dat 'n dier sodanig besmet is, moet hy daardie dier onmiddellik in 'n afsonderlike kamp of kraal, verwyder van die ander geskutte diere, plaas of op enige ander doeltreffende wyse daardie dier van die ander diere in die skut afsonder.

(2) Die skutmeester moet onmiddellik nadat hy 'n dier ingevolge subregulasie (1) afgesonder het, 'n veearts ontbied om daardie dier te ondersoek en, indien die veearts nie beskikbaar is nie, moet hy onmiddellik die stadsclerk in kennis stel.

(3) Die stadsclerk moet by ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subregulasie (2), onmiddellik ondersoek laat instel na die toestand van daardie dier, en kan sodanige opdrag met betrekking tot die beskikking oor daardie dier soos hy goeuvind aan die skutmeester gee, insluitende 'n opdrag dat die dier van kant gemaak moet word.

(4) Die skutmeester moet alle opdragte wat deur sodanige veearts of die stadsclerk met betrekking tot daardie dier aan hom gegee word, stiptelik uitvoer.

36. Alle uitgawes wat deur die Raad aangegaan is ten opsigte van die dienste van 'n veearts, of in verband met enige behandeling wat aan 'n dier gegee word, is verhaalbaar van die eienaar van daardie dier of, indien dit verkoop word kragtens hierdie regulasies, van die opbrengs.

37. If the poundmaster at any time finds that an impounded animal is so wild or vicious that its detention might be dangerous to other animals in the pound, he shall immediately notify the town clerk and the provision of subregulations (3) and (4) of regulation 35 shall apply *mutatis mutandis*.

38. When any impounded animal dies or is destroyed in terms of these regulations, the poundmaster shall dispose of the carcass in such a manner as the Council directs.

39. (1) The Council shall levy the fees set out in Schedule B in respect of the services rendered in terms of these regulations.

(2) The Council shall recover the fees referred to in subregulation (1) and all other expenses prescribed in these regulations or incurred in terms thereof, from the owner of the animal in respect of which it is payable or, if the animal is sold, from the proceeds.

(3) If the proceeds from the sale of a particular animal is insufficient to cover the charges referred to in subregulations (1) and (2) the Council shall be entitled to recover the shortfall from the owner of such animal.

40. (1) Any person, except the poundmaster, who is convicted of an offence under these regulations, shall be liable –

- (a) on a first conviction, to a fine not exceeding R100,00;
- (b) on a second or subsequent conviction for the same offence, to a fine not exceeding R200,00 or imprisonment for a period not exceeding 3 months, or to both such fine and imprisonment;
- (c) in case of a continuing offence, if the commission of the crime continues after the conviction referred to in paragraph (a) or (b), to a further fine not exceeding R4,00 a day, for each day the offence continues.

37. Indien die skutmeester te eniger tyd vind dat 'n geskutte dier so wild of boosaardig is dat die aanhouding daarvan 'n gevaar vir ander diere in die skut kan inhou, moet hy onmiddellik die stadsklerk daarvan in kennis stel en die bepalings van subregulasie (3) en (4) van regulasie 35 is *mutatis mutandis* van toepassing.

38. Wanneer enige geskutte dier vrek of ingevolge hierdie regulasies van kant gemaak word, moet die skutmeester oor die karkas daarvan beskik op sodanige wyse as wat die Raad bepaal.

39. (1) Die Raad hef die gelde wat in Bylae B hiervan uiteengesit is ten opsigte van die dienste wat kragtens hierdie regulasies gelewer word.

(2) Die Raad verhaal die gelde in subregulasie (1) bedoel, en enige ander uitgawes wat in hierdie regulasies voorgeskryf is, of ingevolge daarvan aangegaan is, van die eenaar van die dier ten opsigte waarvan dit verskuldig is of, indien die dier verkoop is, uit die opbrengs met betrekking tot daardie dier.

(3) Indien die opbrengs uit die verkoop van die betrokke dier onvoldoende is om die gelde genoem in subregulasie (1) en (2) te dek, kan die Raad die tekort van die eenaar van die dier verhaal.

40. (1) Enige persoon, buiten die skutmeester, wat aan 'n misdryf kragtens hierdie regulasies skuldig bevind word, is strafbaar –

- (a) by 'n eerste skuldigbevinding, met 'n boete van hoogstens R100,00;
- (b) by 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding aan dieselfde misdryf, met 'n boete van hoogstens R200,00 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 3 maande, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;
- (c) in die geval van 'n voortdurende misdryf, as die pleeg van die misdryf voortduur na die vonnis in paragraaf (a) of (b) bedoel, met 'n verdere boete van hoogstens R4,00 vir elke dag wat die misdryf voortduur.

(2) If the poundmaster is convicted of an offence under these regulations, he shall be liable to a fine not exceeding R20,00.

41. The Municipal Pound Regulations promulgated by Government Notice 108 of 1944 and all amendments thereof are hereby repealed in so far as it is applicable to the municipal area.

(2) Indien die skutmeester aan 'n misdryf kragtens hierdie regulasies skuldig bevind word, is hy strafbaar met 'n boete van hoogstens R20,00.

41. Die Munisipale Skutregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 108 van 1944 en alle wysigings daarvan in soverre dit op die munisipale gebied van toepassing is, word hierby herroep.

SCHEDULE A

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP

CERTIFICATE WITH DETAILS OF IMPOUNDED ANIMALS

Description of animals:.....

.....

Number of animals:.....

Name and address of person who sent animals:.....

.....

Place where animals were found:.....

.....

Name and address of person who delivers animals:.....

.....

.....

.....
SIGNATURE OF PERSON WHO DELIVERS ANIMALS

.....
POUNDMASTER

DATE:.....
KEETMANSHOOP

BYLAE A

MUNISIPALITEIT KEETMANSHOOP

SERTIFIKAAT MET BESONDERHEDE VAN GESKUTTE DIERE

Beskrywing van diere:.....

.....

Aantal diere:.....

Naam en adres van persoon wat diere gestuur het:.....

.....

Plek waar diere aangetref is:.....

.....

Naam en adres van persoon wat diere aflewer:...

.....

.....

.....
HANDTEKENING VAN PERSOON WAT DIERE AFLEWER

.....
SKUTMEESTER

DATUM:.....
KEETMANSHOOP

SCHEDULE B**POUND FEES**

1. Detention fees:
- (a) In respect of all animals except sheep and goats per animal per day or part of a day R5,00
- (b) Per sheep or goat per day or part of a day R2,00
2. Grazing fees:
- (a) In respect of all animals except sheep and goats, per animal per day or part of a day R3,00
- (b) Per sheep or goat per day or a part of a day R0,75
3. Feeding fees:
- (a) In respect of all animals except sheep and goats, per animal per day or part of a day R7,50
- (b) Per sheep or goat per day or a part of a day R2,00
4. Driving fees:
- Per animal irrespective of the distance driven R0,50
5. Fees for branding in terms of regulation 32:
- Per animal R1,00

BYLAE B**SKUTGELDE**

1. Gelde vir aanhouding:
- (a) Ten opsigte van alle diere buiten skape en bokke, per dier per dag of gedeelte van 'n dag R5,00
- (b) Per skaap of bok per dag of gedeelte van 'n dag R2,00
2. Gelde vir wei:
- (a) Ten opsigte van alle diere buiten skape en bokke, per dier per dag of gedeelte van 'n dag R3,00
- (b) Per skaap of bok per dag of gedeelte van 'n dag R0,75
3. Gelde vir voer:
- (a) Ten opsigte van alle diere buiten skape en bokke, per dier per dag of gedeelte van 'n dag R7,50
- (b) Per skaap of bok per dag of gedeelte van 'n dag R2,00
4. Dryfgelde:
- Per dier ongeag die afstand gedryf .. R0,50
5. Gelde vir brandmerk ingevolge regulasie 32:
- Per dier R1,00